

TEMMERS VAN DIE WOESTYN
NO. 13.
Sluipers in die nag.
braam le roux

Hardus val dadelik plat op die grond. Die rewolwerkoeëls word daar van die voorstoep afgevuur. Dit is lang vuurtonge wat oor Hardus blits. Net vir 'n oomblik sien Hardus 'n hoed. Hy skiet. Duidelik hoor hy iemand swets ... toe is daar voetstappe. Hy kan dit duidelik op die sementstoep hoor. Die man hardloop, maar Hardus weet dat hy baie versigtig moet wees. In die skaduwees van die stoep kan die sluiper dalk op hom wag, miskien log hy hom so uit ... miskien wil die sluiper juis hê dat hy hom blindelings moet agtervolg. Hardus doen dit egter nie. Twee keer vuur hy na die stoep toe. Die lood vang die witgekalkte muur en sing weg, die oneindigheid in.

# TEMMERS VAN DIE WOESTYN

## NO. 13.
## Sluipers in die nag.



braam le roux

## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Afspraak Met Die Noodlot | 3 |
| 2. | Die Reuk van Bloed | 15 |
| 3. | Sluipmoordenaar | 27 |
| 4. | Die Dood is 'n Skaduwee | 39 |
| 5. | Sluipers van die Nag | 51 |
| 6. | Spore na die Weste | 63 |
| 7. | Die Lyk in die Bos | 75 |
| 8. | Die Kranse Antwoord | 86 |


Hoofstuk 1

## AFSPRAAK MET DIE NOODLOT

'n Eensame ruiter vleg tussen die vaalbosse deur, en gooi wye draaie om die rotsagtige koppies wat hier in die kloof soos reuse miershope verstrooi lê. Waar hy hier reis, is daar geen paadjie nie, nie eens 'n beduidenis van een wat deur die wild na die water toe gevolg word nie.

Hardus Malherbe is vanoggend vroeg al uit die vere en op Pronk se rug. Die perd toon egter nog geen tekens van moegheid nie, al slaan die sweet reeds tussen sy wit maanhare uit. Pronk het groot uithouvermoë, en veral langs ongebaande weë, is hy op sy beste

Die son het slegs 'n paar minute gelede opgekom, maar alle tekens is reeds daar dat dit vandag ondraaglik warm gaan word hier tussen die Rooiberge in die Noordweste, aan die soom van die Kalahari-woestyn. Hierdie soort hitte is Hardus egter al aan gewoond. Sy hempsmoue is hoog opgerol. Hy sit in gemaklike houding op sy perd. Sy fletsblou oë is wakker en is steeds voor hom op die bosse gerig. In hierdie wêreld moet mens altyd op sy hoede wees. Daar is wel nie leeus in hierdie omgewing nie, maar luiperds is volop, en hierdie gespikkelde katte is vir Malherbe die verraderlikste van alle roofdiere.

As 'n boer is Malherbe gewoond om vroeg op te staan, maar vanmôre het hy hom vroeër as gewoonlik gelig. Hy het op Kuruman om agtuur 'n afspraak, 'n baie belangrike afspraak. Hy het uitgesien na hierdie dag. Vir hom is dit belangrik en ook vir Bergendal, die puik plaas, wat op die huidige oomblik sonder eienaar is.

Na skatting moet dit nou ongeveer half-sewe wees. Nog oor 'n uur en 'n half sal hy by die plek wees waar hy die belangrike persoon moet ontmoet. Op hierdie oomblik hang sy toekoms en die van Bergendal in die weegskaal. Alles hang van hierdie afspraak van hom af. Daarom is Hardus Malherbe vanoggend besonder haastig. Kuruman lê nou nog ongeveer twaalf kilometer van hier af, en teen hierdie snelheid, behoort hy hom voor half-agt te bereik.

Pronk draf om 'n plaat trassiebosse en bestyg dan 'n klipperige

hoogtetjie.

Toe Hardus bo-op die hoogtetjie uitkom, hou hy sy perd in. Die dier moet moeg wees, want daar is reeds ses-en-dertig kilometer agter hulle, ses-en-dertig kilometer van bergwêreld wat hulle van Bergendal skei. As Hardus te perd na Kuruman afreis kies hy altyd die kortpad deur die Rooiberge. Die dowwe karpad gaan ook deur die Rooiberge, maar dit is 'n geweldige draai. Van die plaas af ry mens eers reg noord, dan swenk jy eers oos waar die Rooiberge in twee gesny word deur 'n diep kloof.

Hardus kyk oor die talle boomtoppe heen—vaalbosse, rosyntjiebosse, swarthake en volstruisbosse wat oral oor die vlaktes verspreid staan. Die bergland is nou agter die rug en die end van hier af tot in Kuruman gaan tussen die ruie bosse deur. Hardus draai om en kyk terug. Perd en ruiter het uit 'n ongelooflike diep kloof uit opgeklim. Dit lyk van hierdie hoogtetjie af of die kloof sommer die aarde in afslinger.

In die oggendstrale van die son ontvou 'n wonderlike natuurskoon hom. Agter Hardus die diep klowe, die ruwe berghellings, die rotskoppies wat in die kloof soos reuse miershope aflê, en die hoë bergpieke, half bedek deur misbanke wat stadig teen die hellings afsypel, soos stukke halfgestolde sneeu.

Oral om hulle is daar die geluide van die velddiere, dit is 'n mengelmoes van geluide, wat saamsmelt en een met die grootsheid van die natuur word. Voor hom op die vlaktes tussen die bosse kekkel die tarentale wat op soek is na kos; bokant hulle vlug die kelkiewyne verby, op weg na die tuine wat langs die Kuruman-rivier lê; bo teen die kranse die arende en 'n berghaan gooi wye sirkels in die hemelruim bokant hulle.

Hoe vreedsaam lyk die natuur vanoggend. Dit lyk asof daar niks aan die mensdom skeel nie. Dit lyk nie asof hy hier op die vooraand van groot dinge staan nie, groot beslissings. Miskien wag die wapad vir hom môre, of miskien bly hy nog op Bergendal. Om agtuur sal hy weet. Die poskoets bring vir hom sy besluit. Dit gaan nie hy self wees wat vir hom gaan besluit nie. Die faktore wat sy lot gaan bepaal, is sy vriendskap met 'n dooie man en die besluit van Beryl Olivier, die meisie wat om agtuur met die poskoets uit Kimberley hier sal aankom. Sy en Hardus Malherbe was 'n eienaardige sameloop van omstandighede. Drie



jaar gelede, in 1886, was hy nog 'n regeringsbetaalde amptenaar wat heeldag op loer gelê het na die mense wat diamante in die myne op Kimberley steel en dit deursmokkel na die Duitsers in Duits-Wes-Afrika. Maar toe het hy vir Richter Olivier ontmoet. Hy en Richter het die wêreld skoongevee van die diamantdiewe, en toe Richter die groot slag slaan om een van die grootste plase aan die soom van die Kalahari te koop en een van die magtigste beesboere van die kontrei te word, het sy boesemvriend hom gesoebat om by hom op die plaas te kom bly. Hardus het die rol vervul van raadgewer, voorman, boesemvriend en vennoot. Richter het vir Hardus 'n salaris betaal, waarmee Hardus vir hom beeste gekoop het. Die beeste het genoeg weiding gehad op die plaas. Saam het Hardus en Richter 'n idilliese bestaan om geluier. Vir ses jaar was Richter die boer wat die hele Kimberley van beesvleis voorsien het. Hardus self het ook vooruit geboer en vandag besit hy by 'n 1,000 beeste en twee maande gelede was hy in staat om sy eie grond aan te koop . . . aan die oewer van die Oranje-rivier, net 'n paar kilometer van Upington af, op 'n plek waarvan hy altyd gedroom het. Hardus en Richter was te geheg aan mekaar, hulle vriendskap te mooi, sodat daar nog nooit enige behoefte bestaan het vir Hardus om in die wapad te val na sy eie grond toe nie. Richter sou dit nooit toegelaat het nie, wat op 28-jarige leeftyd, nie vir 'n enkele week sonder sy vriend kon klaarkom nie, veral toe die beesdiewery op groot skaal anderkant die Rooiberge begin het. Toe was dit net Richter en Hardus wat verhoed het dat die veestropers die hele wêreld ten weste van die Rooiberge inneem. Eintlik was dit Hardus wat hulle planne telkens verydel het. Richter het daaraan gedink om die helfte van die groot plaas aan Hardus as 'n geskenk te gee, maar toe het Hardus gedreig dat hy in so 'n geval dadelik sal weggaan, selfs al noem Richter dit net. Dit was 'n verstandhouding dat Hardus later sy plaas aan die Oranje-rivier sal verkoop en liewer grond naby Bergendal koop. Maar hulle was nie haastig nie.

Drie maande gelede het daar 'n verskriklike ding op Bergendal gebeur. Nagtelike stropers het 'n trop van duisend beeste in die klowe in opgejaag. Die nag was Hardus op Witloop, en Richter het die bosse ingery om die stropers te keer. Daardie nag het Richter nie weer teruggekeer na sy huis toe nie. Vir twee dae het Hardus tevergeefs gesoek na sy vriend wat sommer spoorloos

verdwyn het. Eindelik het Hardus en 'n paar swartes op die lyk afgekom, langs 'n waterstroompie, half onder die doringtakke. Dit was 'n bestiering dat die aasvoëls Richter se liggaam nog nie bygekom het nie.

Hardus het vasgestel dat Richter beswyk het as gevolg van 'n koeëlwond wat bokant die hart in is. Aan die gras en teen die takke het die bloed uit sy wond al hard geword. Daar was tekens dat Richter hier geval het en herhaaldelike kere probeer opkom het, maar die dood het hom eindelik en genadeloos oorval. Sy geweer het langs hom gelê. . . die een rewolwer nog in die leersak aan sy regtersy. Op sy bors het Hardus 'n briefie gekry. Die letters wat daarop aangebring was, was onduidelik, onegalig, byna onleesbaar. Hardus het geweet dat dit 'n boodskap is wat deur 'n sterwende hand geskryf is.

,,Hardus. . . eindelik het hulle my. . . veediewe. Die een wat my geskiet het. . . is 'n vierkantige man, groot. . . die lope van sy rewolwers is blink. Hy was twee tree van my af. Ek het nie sy gesig gesien nie. Belowe my by ons vriendskap dat jy nie van hierdie plaas af sal weggaan voordat hierdie stropers nie uitgelewer is nie. As jy weggaan sal hierdie plaas weer wild word. Beloof my dat jy dit nie sal doen nie, maar hier sal bly. . . totdat die veediewe agter die tralies sit. Ek weet jy sal my dood graag wil wreek, Hardus."

Twee van die plaas bediendes en hy het die liggaam van sy vriend onder die grond begrawe, naby die huis wat Hardus, Richter en drie swartes eiehandig gebou het.

'n Week na Richter se dood, het Hardus by Van der Veen, Richter se prokureur, verneem dat Richter sy plaas met die beeste aan sy suster, slegs 24 jaar oud, bemaak het. Hardus het so iets verwag.

,,Ek hoop nie dat sy die plaas gaan verkoop nie," was Hardus se kommentaar.

Die prokureur het vinnig na hom toe opgekyk, sy swart baard gestreel en sy lewendige swart oë agter die brilglase vir geen oomblik van Hannes af weggeneem nie.

,,Hoekom hoop jy nie so nie? Bergendal is 'n groot plaas. Jy en Richter kon die stropers nie uithou nie, hoe gaan Beryl Olivier dit regkry? My raad aan haar gaan wees om die plaas met lewende hawe en al te verkoop. Ou Rooi Sors Steenkamp sal 'n goeie prys



betaal."

Hardus het vooroor geleun en die prokureur stip aangekyk.

,,As Richter gelewe het, sou hy verbied het dat dit verkoop word. Ek bly op Bergendal aan en ek sal my invloed gebruik om dit nie te laat verkoop nie. Ek sal help dat die stropers se mag vernietig word. Ek hoop nie jy gaan 'n gat in die meisie se kop praat nie, Jock."

Van der Veen het hom vererg.

,,Die nuwe eienares sal moet besluit of sy jou op die plaas wil hê, al verkies sy om Bergendal te behou. Ek vrees jy het geen seggenskap nie. Jy word in die testament net genoem as 'n raadgewer. Die testament vra dat jy bloot net as raadgewer moet optree, mits Beryl Olivier besluit om die plaas te bewoon en te behou."

,,Richter het nie geweet dat gewetenlose stropers so gulsig sal word toe hy daardie testament laat onderteken het nie. As hy geweet het dat die gevaar bestaan dat die stropers die plaas sal inpalm, of anders woes sal agterlaat, sou hy bepaal het dat die plaas nooit in vreemde hande val nie. . . hy sou verbied het dat die plaas ooit verkoop word. . ."

Jock van der Veen skuif agter sy lessenaar uit. Hy is 'n groot man, breed gebou, wat al om sy middel vet begin aansit.

,,Insinueer jy dat hy die plaas dan liewer aan jou vrou sou bemaak het?"

,,Tel jou woorde, Jock. Ek kan nou trap as ek wil, maar om Richter se onthalwe wil ek bly, totdat die stropers se mag gebreek is. Dit is my belofte aan Richter."

Jock van der Veen maak 'n snorkgeluid, byna asof hy te kenne wil gee dat dit die grootste snert is.

,,Weet jy wat ek sou glo, Hardus? As Richter kon voorsien het dat die stropers so astrant sou raak, sou hy die plaas voor sy dood verkoop het, of bepaal het dat die plaas verkoop word. Hy sou nie wou sien dat sy suster in so 'n ruwe wêreld beland nie."

,,Wie van ek en jy ken Richter die beste, Jock? Ek skat ek weet presies hoe Richter sou optree. Hy sou nooit toelaat dat 'n klompie lae diewe hom ten onder bring nie. Hy sou nooit vir hulle gehensop het nie!"

,,Ek is jammer, Hardus. Ek dra Beryl se belange op die hart. My raad aan haar gaan wees om die plaas te verkoop . . . en ek

het 'n koper, Rooi Sors Steenkamp!"

Hardus het Jock van der Veen se kantoor verlaat omdat hy hom slegs op hierdie wyse kon bedwing. As hy langer moes gebly het, sou daar harde woorde tussen hom en die prokureur geval het. Miskien sou dit nie net by woorde gebly het nie, want Jock van der Veen en hy het nog nooit by een vuur gesit nie. Hardus wil nie graag van Bergendal af weggaan nie, maar hy besef dat hy hom sal moet berus in wat Beryl besluit. Hy ken Beryl van geen kant af nie. Richter het wel altyd van haar gepraat. Hy het haar foto al verskeie kere egter bekyk. Hy het geweet dat sy mooi is. . 'n nooi met rooibruin hare en blou oë, pas 24 jaar, ruim vier jaar jonger as hy en Richter.

Hier op die hoogtetjie begin Pronk rondtrippel. Dit is asof die perd met herhaaldelike geproes trag om sy baas na die werklikheid terug te bring. Maar Hardus se gedagtes het so diep weggevlug na die verlede, dat hy nie dadelik kon agterkom dat Pronk haastig begin word nie.

In die verte krul yl-blouerige rokies omhoog. Dit is die mense van Kuruman wat die skoorstene al laat rook. Hardus sug diep. Daar is niks wat hy met groter graagte wil doen as om Richter se wens tot uitvoer te bring nie. . . om die veestropers te vernietig en om die moordenaar van sy vriend tot verantwoording te roep nie. Hy word nou self skielik haastig om in Kuruman te kom, om Beryl te ontmoet. Wanneer hy netnou weer hierdie pad terug ry sal hy weet wat Beryl besluit het. Beryl het 'n brief aan Jock van der Veen geskryf en hom laat weet dat sy vandag hier sal wees en dat sy graag die boesemvriend van haar broer, ene Hardus Malherbe, wil ontmoet. Hardus het geweet dat sy hom persoonlik van haar besluit sal verwittig. Jock het te kenne gegee dat Beryl besluit het om 'n rukkie in Kuruman te vertoef. Sy sal by die hotel bespreek, en wat sy ook al besluit, sal sy eers 'n paar dae gebruik om al haar ou kennisse en vriende op Kuruman op te soek.

,,Kom, Pronk, droom sal niks help nie!"

Hy gee die perd spore en nou voel dit of die dier skoon onder hom wil uit beweeg. Toe die wit perd oor 'n sandspruit spring, wikkel 'n vaal ribbok hier onder hom uit en saag teen die berghelling op, skoon verskrik oor die wit gevaarte wat hier op hom afgedreun gekom het.



Hardus weet dat dit tyd geword het om Pronk sy gang te laat gaan. Dit help nie nou om hom in te hou nie, of hom te stuur nie. Pronk weet nou wat hy wil hê en hy kies sy paadjie self tussen die bosse deur. Die bosse is nie baie hoog nie, maar ruig. Dit is net enkele vaalbos en haak-en-steek wat ver bokant die perd se kop uittroon. Pronk maak telkens sulke jakkalsdraaie dat die ruiter wat op sy rug wil bly homself moet ken. Hardus sit egter droomverlore op sy rug; sy gedagtes nou al weer wentelende om Richter, Bergendal, die mooi meisie wat kom, Van der Veen en Sors Steenkamp. Telkens krap die dorings van die haak-en-steek geniepsig aan sy broekspype, en dan spreek Hardus vir Pronk hard aan om versigtiger te hardloop.

Hardus weet dat Sors Steenkamp baie graag die eienaar van Bergendal sal wil word. Sors het vier jaar gelede die plaas grensende aan Bergendal betrek. Hy het sommer op groot skaal begin boer, veral met beeste. Al gou het hulle hom beskou as die patriarg van die Noordweste. Hy het kleiner plasies om hom opgekoop, sodat dit later net hy en Richter was wat agter die Rooiberge seggenskap gehad het. Op Witloop het Sors 'n hotel laat bou waarheen die kleinboere gestroom het. Vandag werk daar seker etlike bywoners op sy plaas. Dit was geen geheim dat Sors nog altyd met gulsige oë na Bergendal gekyk het nie. Hy het gedroom van die dag dat sy grond van die Witloop af tot by die Rooiberge sou strek, wanneer hy die alleenreg sal hê om beeste in sy naam aan die ooste, Kimberley, die Goudvelde van Transvaal en Bloemfontein te kan lewer. Soos dit tans is, is hy alleen leweransier van beeste aan Duits-Suidwes. As Bergendal ou Sors se grond was, so is altyd gesê, dan besit hy die hele aarde van Moedwal af deur Olifantshoek tot by die Witloop. Die beeste vir Duitswes bedoel, so droom Sors, sal hy dan op sy huidige plaas tussen Moedwal en die Witloop teel, en die vir Kimberley bedoel sal oor Bergendal wei. Die wonderlike droom van die ou woestyntiran, soos die kleinboere hom noem!

Toe Richter nog gelewe het, het Hardus eendag gesê: ,,Ek wonder of Sors nie agter hierdie veediewery sit nie."

,,Skaam jou, man," was Richter se antwoord. ,,Die oubaas is grondgierig, maar hy sal dit nooit doen nie. Sy beeste loop dan ook deur!"

Maar dit het nie verhoed dat Hardus nog altyd vir Sors

Steenkamp met sy rooi baard gewantrou het nie. Hy het geweet dat Mollie Steenkamp nog altyd 'n trekpleister vir hom en Richter was, en die enigste rede waarom hulle miskien nie ernstig geraak het nie, was die feit dat Mollie nog nie vol sestien was nie.

Pronk het nou die pad genader, nie ver van die dorpshekke af nie. Hy kon nou weer die teuels opneem en die perd tot bedaring bring. Die sweet maak al salpeterkolle langs die saal. Die sonnetjie steek reeds, maar van die Rooiberge se kant af waai 'n koel bries.

Pronk wil egter net galoppeer. Dit is asof hy ook haastig is dat daar nou 'n beslissing moet kom. Gaan hy en sy baas Bergendal verlaat, in die wapad val om op hulle plaas aan die Oranje-rivier 'n nuwe begin te maak, of gaan hulle op Bergendal bly, saam met die ou plaas se nuwe baas en gaan hy en sy baas nog lank jag maak op die een wat baas Richter se lewe so koelbloedig geneem het?

Die perd se hoewe dreun op die harde wit pad. Die perd glip deur die dorpshek en die geel klonkie wat agter die bokke aandrentel, sê aan sy maatjie:

,,Daai baas is nie maklik nie, Pompie. . . hy wikkel. . . hy wikkel.''

Perd en ruiter glip by die eerste huis verby. Hardus sit sy geweer reg. Die leerband oor sy skouer het hom al effens begin skaaf. Hy haal Pronk nou oor om te trippel en nou nader hy die hoefsmid. Die ou man met sy grys hare staan met 'n hamer in sy hand na die aankomende ruiter en kyk. Toe Hardus by hom stilhou, groet hy vriendelik.

,,Het jy in die berge geslaap, Hardus, of kom jy van Bergendal af?''

,,Van Bergendal af. . . Ek en my perd is al van half-vyf af in die wapad.''

Hardus spring uit die saal en lei sy perd nader.

,,Gee hom maar vier nuwe hoefysters, oom Dick, dalk moet ek en hy een van die dae nog ver ry.''

Die oubaas lag.

,,Dit lyk asof jy verwag dat die nuwe eienaar van Bergendal jou gaan wegjaag, Hardus?''

Hardus dink by homself: ,,Die hele wêreld weet al van Beryl, van Richter se dood en van Van der Veen se plan om te verkoop



en van Sors Steenkamp se gretigheid om die plaas in die hande te kry.

Hardus antwoord die ou man nie. Hy lei die perd na die koelte van 'n seringboom toe en vra dan:

,,Hoe laat het oom dit?''

,,Half-agt, ou seun. Die poskoets moet enige oomblik nou aankom. Steenkamp en Van der Veen is al by die hotel. Dit lyk my asof hulle jou wil voorspring.''

Hardus kyk vinnig op, en dan draai hy om en sy blik val op die groot hotel met sy twee geel gewels en lang stoep, soos die van 'n tipiese, aristokratiese boerewoning.

Hardus sien hulle op die stoep staan. . . die een met die swart baard en die ou grote met die rooi baard. Hardus sien dat hulle in sy rigting kyk. Snaaks, Jock van der Veen het nie melding daarvan gemaak dat hy en Steenkamp ook vir Beryl moet ontmoet nie. Miskien is die hele affêre al beklink, dink Hardus.

,,Die Berg het vannag hier in die hotel geslaap,'' gaan ou Dick voort. Hardus weet dat as hulle na die Berg verwys hulle ou Rooi Sors bedoel. Hy is 'n man van baie byname, want die kleinboere by die Witloop en Moedwal, eintlik sy bywoners, noem hom die woestyntiran. En dit is soos Hardus daardie kolos van 'n man ken. Sy rooi baard en hare laat hom nog woester lyk. Hy staan 1,9 meter in sy skoene en sy skouers is breed en gespierd. Daar is geen biermagie soos in Jock van der Veen se geval nie. Hardus het in die kroeg op die Witloop gehoor dat Rooi Sors 130 kilogram weeg, en van daardie 130 kilogram is ten minste 100 spiere, want in sy jonger dae was hierdie tiran frisgebou. Tans is hy 48 jaar oud, maar min mense sal hom probeer aandurf met sy vuiste of met sy vuurwapens, want hy is glo blitssnel, so groot as wat hy is.

Die prokureur met sy swart baard, is ewe groot, maar sy ronde bierpens is grootliks verantwoordelik vir sy 140 kilogram gewig.

Dit is duidelik vir Hardus dat hy onder bespreking is. Vir 'n oomblik twyfel hy of hy moet oorstap na hulle toe. 'n Oomblik later besluit hy om dit te doen. Hy moet vir Beryl tog immers daar inwag.

,,Sorg dat Pronk oor 'n uur klaar is, oom Dick. Ek wil dadelik weer ry. Daar wag baie werk.''

Toe stap Hardus oor die pad. Oom Dick staar hom agterna. Sy